

Woensdag 9 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 18:1-11

Fokusgedeelte: Handeling 18:10b

Moenie toelaat dat teleurstellings jou onderkry nie, daar is baie wat aan God behoort

Die handeling van die Heilige Gees in die vestiging van die kerk van Jesus Christus het met talle wonders gepaardgegaan. Dink aan die duisende mense wat op een dag tot bekering gekom het, die siekes wat genees is, Paulus se ervaring op die pad na Damaskus en die deure van die tronk wat vir Petrus en later ook vir Paulus en Silas oopgegaan het.

Daar was egter ook baie teleurstellings en weerstand. Die bitterste van alles was waarskynlik dat die volk van die Here, die Ou-Testamentiese verbondsvolk, hulle met fanatieke ywer teen die vestiging van die kerk van Jesus Christus verset het. Die voorafgaande hoofstuk vertel juis van die oproer in Tessalonika en Berea. In Korinte was dit nie anders nie.

Sulke teleurstellings is genoeg om enige mens moedeloos te maak. Paulus self het by die punt gekom waar hy die stof van sy klere afgeskud het en vir sy volksgenote gesê het dat dit hulle eie skuld is as hulle verlore gaan. Die Here het hom egter op 'n besondere wyse bemoedig. Hy moes aanhou om die evangelie te verkondig, omdat baie mense in Korinte aan God behoort het.

Ons moet dit nooit vergeet nie. Ons word maklik moedeloos as ons weerstand ervaar of as mense van wie ons dit nie verwag nie, onverskillig of vyandig op die evangelieverkondiging reageer. Daar is egter baie mense in hierdie plek of in hierdie stad of in hierdie land wat aan God behoort. Jy is soos 'n prospekteerder wat weet daar is goud, al weet jy nie presies waar die goud is nie. En daarom moet jy aanhou om die evangelie te verkondig. Jy moet die goud van die geloof blootlê.

Sing: Psalm 33-1:6

Ds. CJH Breed (Casper) (Emeritus)